Province of the
**EASTERN CAPE**
EDUCATION

# SENIOR FASE

# GRAAD 9

# NOVEMBER 2012

# AFRIKAANS EERSTE ADDISIONELE TAAL
# NASIENGIDS

**PUNTE: 100**

Hierdie nasiengids bestaan uit 7 bladsye.

## AFDELING A KYK- EN LEESBEGRIP

1. Geen penalisering van **SPEL- EN TAALFOUTE** nie.
2. Die leerder se antwoorde moet volgens die instruksies by elke vraag beantwoord word.
3. Die leerder se antwoord moet ’n sinvolle antwoord in Afrikaans wees. Indien ’n antwoord van ’n ander taal gebruik word, skryf slegs die hoofletter van die taal, bv. **[E(ENGELS/X(XHOSA)]** boaan die antwoord neer. Druk die woord toe; indien die betekenis van die antwoord nie beïnvloed word nie, is die antwoord korrek.
4. Waar die antwoord in meer as een sin aangebied word, maar tog tot die antwoord lei, is dit korrek.
5. Indien twee of meer feite vereis word, word slegs die eerste twee of meer feite nagesien.
7. WAAR (JA) of ONWAAR (NEE/VALS/NIE)
   - EERSTE DEEL KORREK en motivering verkeerd. (1)
   - Eerste deel VERKEERD en motivering verkeerd. (0)
   - Eerste deel verkeerd en MOTIVERING KORREK. (0)
8. Indien die vraag spesifiseer dat die antwoord aangehaal moet word, moet aanhalingstekens gebruik word en die korrekte woorde aangehaal word. Geen penalisering indien die antwoord nie tussen aanhalingstekens is nie.

**Om saam te vat:**

- ✓ Spel- en taalfoute word nie gepenaliseer nie omdat die fokus op begrip is.
- ✓ Vir WAAR/ONWAAR- of FEIT/MENING-vrae, word die punte verdeel: 1 punt vir WAAR/ONWAAR of FEIT/MENING en ’n punt vir die rede/motivering/aanhaling.
- ✓ Vir vrae wat aanhalings uit die leesstuk verg, word **nie gepenaliseer** indien die aanhalingstekens ontbreek nie.
- ✓ Waar een-woord-antwoorde gevra word en die leerder ’n volsin gee, is dit korrek mits die korrekte woord onderstreep word of op een of ander wyse uitgelig word.
- ✓ Wanneer twee of drie punte/feite vereis word en die leerder gee ’n hele reeks, word **slegs die eerste twee of drie feite/punte nagesien.**
- ✓ Indien die leerder woorde uit ’n ander taal gebruik as die taal waarin die vraestel verskyn, word die vreemde woorde geïgnoreer. Indien die antwoord sonder die vreemde woord sinvol is, word die leerder nie gepenaliseer nie. Indien die vreemde woord in die antwoord vereis word, word dit aanvaar.
- ✓ Vir meervoudige-keusevrae word BEIDE die letter aanvaar EN die korrekte antwoord wat ten volle uitgeskryf is.

## VRAAG 1 KOERANTARTIKEL

1.1 B woedende. (1)
1.2 Port Elizabeth (1)
1.3 ŉ Boelie het haar aan die keel gegryp, aan haar hare getrek en haar geslaan. (1)
1.4 1.4.1 Nee (1)
1.4.2 "ŉ Vriendin van Melene is tydens die voorval aan haar hare getrek en in die gesig geskop." (1)
1.5 Gedurende dieselfde tydperk toe haar dogter die slagoffer van ŉ boelie was, het sy die berig oor die aanval op Kobus Ehlers van Rustenburg gelees. (1)
1.6 ŉ prokureur, berader en prokureursklerk (3)
1.7 "nie-winsgewende" (1)
1.8 Hulle ken nie hulle regte nie. (1)
1.9 "gratis" (1)
1.10 *Fighting Giants* beoog om slagoffers geldelik te ondersteun./Die organisasie wil ook leerders bewus maak van maniere om boelies te stop. **(SLEGS EEN)** (1)
1.11 Skakel 082 6113495 of e-pos crim.ba6@gmail.com (1)
1.12 Eie opinie (vertel ŉ onderwyser/ berader/ ouers) (1)
**[15]**

## VRAAG 2 ADVERTENSIE

2.1 Thomas is ontevrede dat sy vriende Lukas, Thabo en Hannes, `ŉ orkes begin het √ sonder om hom daarvan te sê. √ (2)
2.2 Lucas √, Thabo √ en Hannes √ (3)
2.3 Mnr. Volschenk (1)
2.4 Thomas moes die skoolmure verf. (1)
2.5 Thomas se meisie en Hannes bring te veel tyd saam deur. (1)
2.6 8 (1)
2.7 Fangs (1)
**[10]**

## VRAAG 3 RESENSIE

3.1 vier mense. (1)
3.2 "Gekoopte" (1)
3.3 3.3.1 Onwaar (1)
3.3.2 ⅓ koppie tamatiepasta word benodig (1)
3.4 cheddarkaas of mozzarellakaas (1)
3.5 twee stukke (1)
3.6 "Voorverhit die oond" (1)
3.7 meel (1)
3.8 20 minute (1)
3.9 Koljanderblare (1)
**[10]**

**TOTAAL AFDELING A: 35**

**AFDELING B OPSOMMING**

**VRAAG 4 WAT KAN JY DOEN OM MEER SELFVERTROUE TE KRY?**

**ASSESSERINGSRIGLYNE**

**ALGEMEEN**

- Lees die hele opsomming om ŉ geheelindruk van die opsomming te kry.
- Beplanning is nie nodig nie.
- Indien rofwerk/beplanning gedoen word, let op die volgende:
  - Indien ŉ poging in potlood aangebied word, word dit as rofwerk beskou en die tweede aanbieding word nagesien.
  - Indien die eerste poging in pen aangebied word, word daardie poging as die finale antwoord beskou.
- Kandidate moet die opsomming in die vereiste formaat aanbied. ŉ Opsomming in die verkeerde formaat MOET nagesien word. (Sien PUNTETOEKENNING).
- Indien die opsomming te kort is, word die kandidaat NIE GEPENALISEER NIE.
- Indien die opsomming te lank is, word daar slegs 5 ekstra woorde toegelaat. Ignoreer die res van die opsomming.
- Kandidate hoef nie ŉ TITEL te verskaf nie.
- Slegs feite wat in VOLSINNE aangebied word, verdien punte. ŉ Volsin het ŉ werkwoord/werkwoorde.
- Indien daar twee feite in een sin gegee word, word slegs die eerste feit nagesien. Die tweede feit word geïgnoreer.
- Direkte aanhalings is toelaatbaar.
- Indien afkortings in die opsomming voorkom, word elke afkorting getel volgens die getal woorde wat dit voorstel, byvoorbeeld, d.w.s. = 3 woorde.
- Kandidate MOET die **KORREKTE** getal woorde aandui. Tel slegs indien dit duidelik is dat daar te veel woorde is. (Sien PUNTETOEKENNING)
- Kandidate wat die getal woorde na elke sin neerskryf in plaas van aan die einde van die opsomming, voer nie die opdrag uit nie en word met een punt gepenaliseer.

**PUNTETOEKENNING**

| ALGEMEEN | PUNTE | TAAL | PUNTE | SKRYF PUNTE AS VOLG |
|---|---|---|---|---|
| Feite | 7 | 1-3 feite korrek | 1 | **F** 7 |
| Taal | 3 | 4-5 feite korrek | 2 | **T** 3 |
| Formaat verkeerd | Minus 1 | 6-7 feite korrek | 3 | **Ft** 0 |
| Getal woorde verkeerd/nie aangedui nie | Minus 1 | | | **W** 0<br>= 10 |

4.1 Dink soggens aan een positiewe ding wat jy reggekry het.
4.2 Boots daagliks 2 keer iemand met baie selfvertroue na.
4.3 Dink aan selfvertroue terwyl jy jou vingers 4 keer teen mekaar druk.
4.4 Herhaal daagliks vier keer ŉ kompliment van iemand spesiaal.
4.5 Fokus op gevoelens wat jy in ŉ krisis benodig.
4.6 Probeer om goed oor jou liggaam te voel.
4.7 Jou probleme moet jou motiveer om harder te werk.

(65 woorde)

**TOTAAL AFDELING B: 10**

## AFDELING C TAALWERK

### VRAAG 5 WOORDSTRUKTURE

**ONTHOU:**

**ONTHOU: Een-woord-antwoorde word verkeerd gemerk as die spelling verkeerd is.**

**By hierdie taalafdeling moet die taalantwoorde 100% reg gespel wees.**

| | | |
|---|---|---|
| 5.1 | vergeet | (1) |
| 5.2 | praat/gesels/klets | (1) |
| 5.3 | s'n | (1) |
| 5.4 | naampie | (1) |
| 5.5 | adresse | (1) |
| 5.6 | wêreld | (1) |
| 5.7 | stoksielalleen/stokalleen | (1) |
| 5.8 | jy | (1) |
| 5.9 | blokkeer | (1) |
| 5.10 | kletskamer | (1) |
| 5.11 | nie | (1) |
| 5.12 | skoolwerk | (1) |
| 5.13 | Wiskunde | (1) |
| 5.14 | Suid-Afrika | (1) |
| 5.15 | te | (1) |
| 5.16 | veertien | (1) |
| | | **[16]** |

### VRAAG 6 SINSTRUKTURE

**(Geen halwe punt word toegeken nie. Woordorde moet korrek wees vir die kandidaat om die punt te verdien. Antwoorde moet in volsinne aangebied word.)**

| | | |
|---|---|---|
| 6.1 | Jy het Hector **gehelp** om nuwe klere te kies. √ | (1) |
| 6.2 | Vandag **dra** Hector die klere in die openbaar √ | (1) |
| 6.3 | Hector hou nie van nuwe klere nie; dus doen hy nooit sy eie inkopies nie. √ | (1) |
| 6.4 | Môre **sal** sy verbaas **wees** √ dat Hector kortbroeke <u>dra</u>. √ | (2) |
| 6.5 | Nee, jy **moenie/moet nie** √ Hector help om nuwe klere te kies **nie.** √ | (2) |
| 6.6 | Dit **is** regtig 'n droom. | (1) |
| 6.7 | Hector verskyn **vandag met 'n pers hemp in die openbaar**. | (1) |
| 6.8 | Hy sê dat **hy** te groot geword het √ vir omtrent alles wat **hy het.** √ | (2) |
| 6.9 | 'n Kitaar **word deur** hom bespeel./'n Kitaar **word** bespeel. | (1) |
| 6.10 | Jy hoef **nie** √ 'n ou wat sedert gr.4 dieselfde hemp dra, te vra **nie.** √ | (2) |
| | | **[14]** |

### VRAAG 7 KRITIESE TAALBEWUSTHEID

| | | | |
|---|---|---|---|
| 7.1 | C | Beide A en B. | (1) |
| 7.2 | A | Hy besef die ander man wil met hom baklei. | (1) |
| 7.3 | B | Hy sit nog steeds. | (1) |
| 7.4 | A | 2 | (1) |
| 7.5 | D | 'n Kroeg | (1) |
| | | | **[5]** |

**TOTAAL AFDELING C: 35**

## AFDELING D SKRYFWERK

8.1 **INSTRUKSIES**

**OF**

8.2 **E-POS**

**LET WEL:**

1. Leerders moet beplanning toon : ten minste ŉ kopkaart.
2. Leerders wat nie beplan nie, penaliseer hulself.
3. Nasienrubriek is aangeheg.

| **VERDUIDELIKING** | **SIMBOOL** | **BESKRYWING** |
|---|---|---|
| Woordorde | (...) | Hakies |
| Taalfout | ——— | Onderstreep die fout |
| Spelfout | ——— <br> ——— | Kort dubbelstreep onder woord |
| Woordkeuse | / | Haal met ŉ streep deur |
| Woorde uit ŉ ander taal | **E**/**S**/**X**/**Z** | Die letter bo aan die deur |
| Tydfoute | **T** (in die kantlyn) | Hoofletter **T** |
| Woord(e) weggelaat | ^ | Karet (weglaatteken) |
| Paragraafindeling | // | Dubbelskuinsstreep |
| Herhaling | **hh** (in die kantlyn) | Dubbel **hh** |
| Onverstaanbaar/onduidelik | ~ (in die kantlyn) | Kronkelstreep |
| Saamgeflans uit vraestel | **Vr** (in die kantlyn) | Hoofletter **V** kleinletter **r** |
| Punktuasie | 0 | ŉ Sirkel |

**TOTAAL AFDELING D: 20**

**GROOTTOTAAL: 100**

## AFRIKAANS EERSTE ADDISIONELE TAAL
## KORTER TRANSAKSIONELE TEKS

| 20 PUNTE | KODE 7 Uitmuntend 80-100% | KODE 6 Verdienstelik 70-79% | KODE 5: Beduidend 60-69% | KODE 4 Voldoende 50-59% | KODE 3 Matig 40-49% | KODE 2 Basies 30-39% | KODE 1 Ontoereikend 0-29% |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| **INHOUD, BEPLANNING EN FORMAAT**<br><br>**13 PUNTE** | **10½-13**<br>-Gespesialiseerde kennis van vereistes van teks.<br>-Gedissiplineerde skryfwerk; behou deurgaans algehele fokus, geen afwykings.<br>-Inhoud en idees algeheel samehangend, alle detail ondersteun die onderwerp.<br>-Beplanning en/of eerste poging lei tot 'n feitlik foutlose, gepaste teks.<br>-Al die nodige reëls vir die formaat is toegepas/Uitmuntend. | **9½-10**<br>-Goeie kennis van vereistes van teks.<br>-Gedissiplineerde skryfwerk, behou fokus, byna geen afwykings nie.<br>-Inhoud en idees: Samehangend, alle detail ondersteun die onderwerp.<br>-Beplanning en/of eerste poging lei tot 'n goed saamgestelde, gepaste teks.<br>-Al die nodige reëls vir die formaat is toegepas/Verdienstelik. | **8-9**<br>-Redelike kennis van vereistes van teks.<br>-Behou fokus, onbenullige afwykings.<br>-Inhoud en idees Samehangend, details ondersteun die onderwerp.<br>-Beplanning en/of eerste poging lei tot 'n gepaste, goeie teks.<br>-Meeste van die nodige reëls vir die formaat is toegepas/beduidend. | **6½-7½**<br>-Voldoende kennis van vereistes van teks.<br>-Inhoud wyk af van onderwerp, maar dit belemmer nie die betekenis nie.<br>-Inhoud en idees voldoende samehangend, sommige van die detail ondersteun die onderwerp.<br>-Beplanning en/of eerste poging lei tot 'n bevredigende teks.<br>-Kennis van die nodige reëls vir die formaat is voldoende. | **5½-6**<br>-Gemiddelde kennis van vereistes van teks. Respons op geskrewe teks toon 'n oppervlakkige fokus.<br>-Inhoud wyk af van onderwerp, betekenis is plek-plek vaag.<br>-Inhoud en idees gemiddeld samehangend; basiese detail ondersteun die onderwerp.<br>-Beplanning en/of eerste poging: lei tot 'n gemiddelde/redelike, verstaanbare teks.<br>-Kennis van die nodige reëls vir die formaat is gemiddeld. Kritiese, nalatige foute is begaan. | **4-5**<br>-Elementêre kennis van vereistes teks. Respons op geskrewe teks toon 'n beperkte fokus.<br>-Inhoud wyk af van Onderwerp, betekenis is plek-plek verwarrend.<br>-Inhoud en idees min Samehangend, min detail ondersteun die onderwerp.<br>-Beplanning en/of eerste poging gebrekkig. Teks nie goed aangebied nie.<br>-Kennis van die nodige reëls vir die formaat is vaag. | **0-3½**<br>-Geen kennis van vereistes van teks nie.<br>-Inhoud wyk af van onderwerp, betekenis is plek-plek verwarrend.<br>-Inhoud en idees nie samehangend nie, te min detail ondersteun die onderwerp.<br>-Beplanning en/of eerste poging nie gedoen nie. Swak aanbieding van teks.<br>-Geen kennis van die nodige reëls vir die formaat nie. |
| **TAAL, STYL EN REDIGERING**<br><br>**7 PUNTE** | **6-7**<br>-Teks is grammatikaal akkuraat, sinne goed saamgestel.<br>-Woordeskat is baie toepaslik vir doel van teks, gehoor en konteks.<br>-Styl, toon en register baie toepaslik.<br>-Teks feitlik foutloos na proeflees en redigering.<br>-Lengte is in ooreenstemming met vereistes. | **5-5½**<br>- Teks is grammatikaal akkuraat, sinne goed saamgestel.<br>-Woordeskat is meestal toepaslik vir doel van teks, gehoor en konteks.<br>-Styl, toon en register meestal toepaslik.<br>-Teks oorwegend foutloos na proeflees en redigering.<br>-Lengte is in ooreenstemming met vereistes. | **4½**<br>- Teks is grammatikaal maklik om te lees, sinne is goed saamgestel.<br>-Woordeskat is toepaslik vir doel van teks, gehoor en konteks.<br>-Styl, toon en register oor die algemeen toepaslik.<br>-Teks meestal foutloos na proeflees en redigering.<br>-Lengte is in ooreenstemming met vereistes. | **3½-4**<br>-Teks is voldoende saamgestel ten spyte van foute.<br>-Woordeskat is voldoende vir doel van teks, gehoor en konteks.<br>-Styl, toon en register voldoende.<br>-Teks het steeds foute na proeflees en redigering.<br>-Lengte is amper korrek. | **3**<br>-Teks is basies saamgestel. Verskeie foute.<br>-Woordeskat is beperk en nie baie van pas vir doel van teks, gehoor en konteks.<br>-Styl, toon en register toon gebreke.<br>-Teks het steeds baie foute na proeflees en redigering.<br>-Lengte is te kort/te lank. | **2½**<br>-Teks is swak en moeilik om te volg.<br>-Woordeskat benodig remediëring en is nie geskik vir doel van teks, gehoor en konteks nie.<br>-Styl, toon en register nie geskik vir onderwerp nie.<br>-Teks is besaai met foute ten spyte van proeflees en redigering.<br>-Lengte is te kort/te lank. | **0-2**<br>Teks is swak saamgestel en verwarrend.<br>-Woordeskat benodig ernstige remediëring en is nie toepaslik vir doel van teks.<br>-Styl, toon en register pas nie by onderwerp nie.<br>-Opstel is besaai met foute en verward ten spyte van proeflees en redigering.<br>-Lengte is heeltemal te kort/te lank. |